ALGEMENE INLIGTING

DIE SKOOLDAG

In die somer begin klasse om 7:30 en eindig die skooldag om 13:30, terwyl klasse in die winter van 7:45 tot 13:45 is.
Leerders neem in die middae aan hul onderskeie sportsoorte, praktiese klasse en kulturele bedrywighede deel.
Dit mag soms van leerders verwag word om op Saterdagoggende vir sport- of kulturele aktiwiteite aan te meld.
'n Tuiswerk/studiehulpfasiliteit onder toesig na skool, word voorsien.

GEDRAGSKODE

Respek vorm die basis van die skool se Gedragskode. Daar word van leerders verwag om die Kode ernstig op te neem en wanneer hulle tot Principia toegelaat word, moet hulle die Kode in die openbaar onderteken. Om hierdie rede word aansienlike aandag geskenk aan toepaslike gedrag, taalgebruik, maniere en kleredrag van ons leerders. Die Kode voldoen aan die norme en standaarde van 'n gesonde gemeenskap en berei leerders voor vir die beroepswêreld.

KLEREDRAGKODE

As Principiane is ons trots op onsself en ons *alma mater*. Dit is noodsaaklik dat ons, as draers van die Principia-merk, in ons beeld na buite die hoë standaarde wat ons wil handhaaf, sal weerspieël. Die beeld van ons skoolgemeenskap word vir onsself en vir die publiek in ons uniform gemanifesteer.
Ons uniform en hoe ons dit dra en hoe ons onsself uitdruk, moet, met inagneming van die realiteite van die Klein-Karoo en 'n meer informele drag, met waardigheid en respek vir die skool se beeld gedra word.

HANDBOEKE, OEFENINGBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Handboeke word in die eerste week van die skooljaar deur Principia verskaf en op ouers se rekeninge geplaas.
'n Lys van die vereiste oefeningboeke en skryfbehoeftes word elke jaar voorsien. Ouers is verantwoordelik vir die aankoop hiervan.

BETAALBELEID

Principia Kollege word bedryf volgens korporatiewe beginsels, wat streng finansiële kontrole vereis.
Onderriggeld, losiesgeld en buitemuurse gelde is <u>maandeliks vooruitbetaalbaar</u> Januarie tot en met Desember (d.w.s. vir 12 maande).

- Fakture en state sal teen die 27e vir die volgende maand uitgestuur word en die volle rekening is teen **die 1ste van elke maand betaalbaar. NB Vakansiemaande is hierby ingesluit.**

Ouers wat 'n kind aan die skool wil onttrek, moet **3 maande skriftelik kennis gee, of 3 maande se skoolgeld en/of koshuisgelde betaal**.

LOSIES

Daar bestaan 'n nou verband tussen pastorale versorging en leerders se persoonlike ontwikkeling op akademiese en ko-kurrikulêre en sosiale gebied.
Die voorsiening van 'n gesinstipe-tuiste weg van die tuisomgewing, is 'n uitbreiding van ons missie en visie en ons onderneming om 'n opvoeding van onderskeidingsgehalte te voorsien.

'n Sorgsame en veilige omgewing sal altyd

- in leerders se beste belang wees;
- leiding en emosionele ondersteuning aan leerders gee;
- sterk en wedersyds eerbiedige verhoudings ontwikkel;
- 'n gesinstipe omgewing skep wat getrou is aan rituele en tradisies;
- geleenthede vir leerders skep om persoonlike volwassenheid te bereik deur toepaslike vryhede en verantwoordelikhede;
- soveel ondersteuning as prakties moontlik aan leerders bied deur betrokke te wees by soveel funksies as moontlik;
- ondersteuning aan leerders bied deur deelname aan die ko-kurrikulêre program.

Ons losiesgeriewe wat deur opvoeders en versorgers beman word, bied:

- 'n gestruktureerde leeromgewing;
- hulp met tuiswerk wanneer nodig, asook onderrig in studievaardighede;
- hulp met doelstellings, die monitering van akademiese prestasie en werksetiek;
- die implementering van bykomende hulp op alle ander gebiede wanneer nodig

Spesifiek met ouers in gedagte, sal huisouers

- deelneem aan ouerkonferensies (of, indien ouers nie kan by wees nie, *in loco parentis* optree)
- met ouers kommunikeer oor vordering, prestasies, groei-areas en bekommernisse;
- ouers raadpleeg, wanneer nodig, en hulle insluit by die besluitnemingsproses wat betref hul kind se sorg.